22.5 RAPPORT 3: DEPUTATE LITURGIESE SAKE – SUBGROEP AFRIKAANSE LIEDERE NUMERING EN RUBERISERING

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Opdrag*: Acta 2012:425, 2.5: Om aandag te gee aan die rubrisering van alle Skrifberymings, Belydenisliedere en Skrifgetroue liedere wat deur die Sinode goedgekeur word.

1.2 Die Deputate het die volgende besluite geneem en aan die kerke deurgegee:

1.2.1 Die goedgekeurde Skrifgetroue liedere se huidige nommers in die Liedboek vir die tussentydse bundel gebruik word.

1.2.2 Die nuwe Skrifberyming: *Die Heilige Gees werk* Skrifberyming – 8-3 sal wees.

1.2.3 Die nuwe Skrifberyming: *Driemaal heilig* Skrifberyming – 1-5 sal wees.

1.2.4 Die nuwe Skrifberyming: *Eer aan Hom nou!* Skrifberyming – 1-6 sal wees.

1.2.5 Die nuwe Skrifberyming: *Getsemane* Skrifberyming – 5-5 sal wees.

1.2.6 Die nuwe Skrifberyming: *God spreek deur sy Seun* Skrifberyming – 3-6 sal wees.

1.2.7 Die nuwe Skrifberyming: *My enigste troos* Skrifberyming – 12-6 sal wees.

1.2.8 Die nuwe Messiaanse beryming van Psalm 110 in die groen Psalmboek as Psalm 110-3 bygevoeg word, terwyl dit in die swart Psalmboek as tweede beryming by Psalm 110 gevoeg word.

1.3 Die Deputate het, terwyl ook met die Deputate Publikasies daaroor geskakel is, besin oor die numering en rubrisering van die volgende hersiene uitgawes van die “Swart Psalmboek” en die “Groen Psalmboek”:

1.3.1 Ter wille van die eenheid in die kerk en omdat dit koste sal bespaar, moet ‘n eenvormige wyse van numering in die “Swart Psalmboek” en die “Groen Psalmboek” geïmplementeer word.

1.3.2 Indien ‘n eenvormige wyse van numering geïmplementeer word, is die vraag watter wyse van numering ten opsigte van die Skrifberymings gebruik moet word, dié van die “Swart Psalmboek” of dié van die “Groen Psalmboek”.

1.3.3 Die argumente ten gunste van die numering van die Skrifberymings soos dit tans in die “Swart Psalmboek” voorkom, is:

1.3.3.1 Dit is maklik om Skrifberymings bloot net na die laaste nommer by te voeg.

1.3.3.2 Daar is ‘n mate van subjektiwiteit aanwesig in die rubrisering van liedere.

1.3.3.3 Sommige liedere kan by meer as een rubriek inpas.

1.3.3.4 Rubrisering kan gedoen word dmv ‘n lys waar Psalms en Skrifberymings se nommers in die verskillende rubrieke genoem word, soos tans in die “Swart Psalmboek” die geval is.

1.3.4 Die argumente ten gunste van die numering van die Skrifberymings soos dit tans in die “Groen Psalmboek” voorkom, is:

1.3.4.1 Die indeling in rubrieke soos tans in die “Groen Psalmboek” die geval is, is sinvol deurdat dit bymekaar gooi wat bymekaar hoort.

1.3.4.2 Die numering soos tans in die “Swart Psalmboek” is lukraak. Om gewoon net nommers by te voeg, maak nie sin nie.

1.3.4.3 In die eerste 50 Skrifberymings (“Swart Psalmboek”) is ‘n mate van rubrisering wat met die Skrifberymings wat na Skrifberyming 50 bygevoeg is, in die slag gebly het.

1.3.4.4 Die bymekaar wees van liedere in rubrieke bespaar tyd en maak die bruikbaarheid van die Psalmboek makliker. Om eers op ‘n aparte lys te moet kyk en dan die onderskeie liedere in daardie rubriek te gaan opsoek, is moeilker en neem tyd.

1.3.4.5 Daar kan steeds van ‘n lys wat aandui in watter ander rubrieke ‘n Skrifberyming ook sou inpas, gebruik gemaak word.

1.3.4.6 Die indeling in rubrieke is internasionale praktyk. Daar word ook internasionaal na mekaar se bundels gekyk.

1.3.5 Indien van die numering volgens rubrieke gebruik gemaak word, is dit nou na 12 jaar ‘n goeie tyd om die rubrieke en die indeling in rubrieke te hersien.
1.3.6 Daar kan ook van ‘n algemene rubriek gebruik gemaak word, sodat liedere nie in rubrieke inforseer word nie.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Dat ‘n eenvormige wyse van numering in die “Swart Psalmboek” en die “Groen Psalmboek” geïmplementeer word.
2.2 Dat die numering volgens rubrieke sal geskied.
2.3 Dat die rubrieke en die indeling in rubrieke hersien word.
2.4 Dat addisioneel tot bogenoemde ook ‘n lys van die rubrieke bygevoeg word waarin aangedui watter Psalms en Skrifberymings in elke rubriek sou kon inpas.

Rapporteur: